**Doop: Levi van Eeden, Christiaan Kruger, Christiaan Kruger jr., Antoinette Engelbrecht**

Fokus teks: Handelinge 2: 37-42, 1983.

Liedere: Gesang 478: 1, 3 & 4; Gesang 464: 1, 3 & 4; Gesang 245: 1-3; Gesang 268 x 3

---

## AANKONDIGINGS:

- Hartlik geluk aan al die lidmate wat hierdie week verjaar! Vandag, Sondag 5 Julie, is dit die verjaarsdag van Louis van Dalen en Jacky Horne. Op Dinsdag 7 Julie is dit die beurt van Daan Vos en Eugene Oelofse, en op Vrydag 10 Julie verjaar Hetta Labuschagne. Ons dank die Here vir die groot genade van 'n nuwe lewensjaar vir elkeen van julle, en ons bid julle God se rykste seën, vrede en goeie gesondheid toe vir die dae wat voorlê.
- Alle lede van die Begeleidingspan word hartlik gevra om kennis te neem van ons volgende belangrike byeenkoms op Sondag, 2 Augustus 2026 om 16:00. Die tema vir hierdie geleentheid is "Kernbeginsels van oorgangsleierskap", waar ons as leiers gaan besin oor hoe ons mekaar en die gemeente effektief kan ondersteun, bemoedig en lei om sodoende saam sterk te staan. Kom deel in hierdie tyd van toerusting en samesyn terwyl ons bou aan ons visie as ’n gemeenskap wat in liefde, geloof en volharding

saamleef. Jou teenwoordigheid en insette is vir ons van groot waarde.

- Dit is ’n groot voorreg om te sien hoe die evangelie vanaf ons kansel na die digitale wêreld beweeg, en ons deel graag die nuutste statistieke van ons webtuiste, www.nhzuurfontein.org. Gedurende 2026 het ons reeds ’n ongelooflike 134 476 besoeke van regoor die wêreld ontvang. Hoewel die meeste besoekers uit Suid-Afrika kom, strek ons internasionale voetspoor van Indonesië, die VSA en Indië tot so ver as Viëtnam, Japan, Rusland, Oekraïne en Groot-Brittanje. Hierdie wêreldwye bereik word ondersteun deur waardevolle inhoud wat mense toerus en bemoedig. Ons nooi die hele gemeente uit om self op die webtuiste te gaan lees aan die beskikbare artikels—soos bydraes oor oorgangsleierskap, gasvryheid en kerkgroei—asook die verskeie Bybelstudies oor Efesiërs en die nuutste preke. Kom ons bly verbind, bly ingelig en stuur saam die Woord uit om lewens te verander en hoop te bring, oral waar daar internet is.

## LIEF & LEED:

- Tannie Elize Blignaut se gedenkdiens was op Donderdag 2 Julie 2026 om 11:00. Ons gebede dink aan oom Johan, die kinders, familie en vriende in hierdie uitdagende tyd.

## KLOK:

Hoor hoe die kerkklok lui om ons te roep tot stilte en aanbidding voor die Here. Terwyl ons opkyk na die haan op ons kerktoring, onthou ons dat dit ons herinner om wakker en getrou te bly in die geloof, selfs wanneer ons struikel.

## TOETREDE: Gesang 478: 1, 3 & 4 ~ Op vaste fondamente

## VOTUM:

"Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde! Kyk ek na u hemel, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U daar sy plek gegee het, wat is

die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?"

## SEËN:

Geliefdes, mag die genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader, die Skepper wat die maan en sterre hulle plek gegee het; van Jesus Christus, die Here wie se Naam wonderbaar is oor die hele aarde; en van die Heilige Gees, wat self na ons as mensekinders omsien, met julle almal wees en bly. Amen.

## LOFSANG: Gesang 464: 1, 2 & 4 ~ O Heer my God

God het ons met sy seën gegroet. Laat ons met blydskap daarop antwoord. Kom ons staan dan sing ons tot lof van die Here - Psalm 33: 1 en 4 (TT Cloete) en vers 1 (Totius).

## WET & BELYDENIS:

Die antieke Israeliete het aan die wet geding as 'n waarskuwing om al die slaggate van die lewe te vermy.

Deur gelowiges te leer wat sonde is, kon hulle ‘n veilige pad deur die lewe baan.

‘n Moontlike vraag is nou: *Watter een van die 613 wette in die Ou Testament gaan ons volg?* Tradisioneel word die 613 wette verdeel in drie groepe: siviele wette (byvoorbeeld die wette oor die aankoop van Hebreeuse slawe); seremoniële wette (die talle wette oor kultiese onreinheid); en dan die morele wet (die tien gebooie). Die siviele wette is nie meer van toepassing nie, want Antieke Israel bestaan nie meer nie. Die seremoniële wette is nie van toepassing op gelowiges nie, want dit is volbring in Christus. Die morele wette is die wet wat nog vandag vir ons as gelowiges rigtinggewend is.

Dit is juis al hierdie morele wette wat Jesus, in die Nuwe Testament (Matteus 22: 37-39, 2022), so akkuraat opsom: *“Jy moet die Here, jou God, liefhê met alles wat jy is en het: met jou hele hart en siel en met alles wat jy dink. [38]Dit is die wet wat bo-aan die lys staan en die belangrikste is. [39]Maar daar is 'n tweede een wat net so*

*belangrik is: Jy moet liefde bewys aan ander mense wat oor jou pad kom, asof hulle jyself is. ⁴⁰Hierdie twee wette is die pilare waarop al die ander wette rus en hulle betekenis vandaan kry.”"*

## GELOOFSBELYDENIS: Gesang 245: 1-3 ~ Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het.

## SKRIFLESING: Handelinge 2: 43-47

*43Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. 44Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. 45Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. 46Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, 47en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.*

## PREEK:

Vandag is 'n besonderse dag, ons doop twee kinders van gelowige ouerpare, en ons doop ook die twee jong volwasse ouers van een van die kinders.

Die van Eeden gesin was jare gelede lidmate van ons gemeente, saam met Gerhard se ouers. Ek het Gerhard en Lea op 3 September 2011 in die huwelik bevestig en op 17 Julie 2016 het ek ousus Sharlene hier in hierdie kerkgebou gedoop. Daarna het hulle na New Zeeland verhuis waar klein Levi gebore is.

Chris Kruger en Antonette Engelbrecht het saam met klein Chris onlangs hier by ons gemeente ingeskakel en versoek dat hulle gedoop word. Dit is ons voorreg om hulle op hierdie manier by ons geloofsfamilie te verwelkom.

Kom ons stuur ons gedagtes terug na die gedeelte wat ons vanmôre saamgelees het. Dit speel onmiddellik uit na

die gebeure op Pinksterdag, waar die Heilige Gees uitgestort is, toe Petrus sy groot toespraak gehou het, en sowat 3 000 mense tot bekering gekom het en gedoop is. Dit gee ‘n idee van die daaglikse lewe van daardie splinternuwe, massiewe groep gelowiges. Die Heilige Gees het pas die gelowiges met krag gevul. Die wonders en tekens deur die apostels was die sigbare bewys dat God se nuwe koninkryk begin het. Baie van die 3 000 mense wat pas tot geloof gekom het, was pelgrims wat van ver af na Jerusalem gekom het vir die Pinksterfees. Nadat hulle tot bekering gekom het, het hulle in Jerusalem gebly om meer te leer. Hulle het geen huise, kos of inkomste daar gehad nie. Net hulle geloof en nuwe geloowfsgemeenskap.

Oor die doop is daar al baie vrae gevra: Op watter ouderdom behoort iemand gedoop te word? Hoeveel water moet gebruik word? Verander 'n mens ná die doop? Hierdie vrae is nie nuut nie. Gelowiges vra dit al eeue lank. Maar wanneer ons Handelinge 2 lees, ontdek ons dat die eerste gemeente nie vasgehaak het by die

tegniese besonderhede van die doop nie. Hulle het geleef vanuit die werklikheid van God se genade.

Ons lees dat die gelowiges volhard het in die leer van die apostels, in die onderlinge verbondenheid, die breking van die brood en die gebede. Hulle het saam geleef as mense wat deur God aangeraak is. Die doop was nie die eindpunt van hulle geloof nie; dit was die begin van 'n nuwe lewe saam met Christus en saam met sy gemeente.

Een van die eerste vrae wat mense vra, is: Op watter ouderdom moet iemand gedoop word? Die eenvoudige antwoord is dat die Bybel nie vir ons 'n spesifieke ouderdom voorskryf nie. Daarom doop die kerk sowel kinders van gelowige ouers as volwassenes wat tot geloof kom. Vandag sien ons albei.

Die kinders word gedoop omdat God eerste na ons toe kom. Sy verbond en sy genade gaan ons geloof vooraf. Die volwassenes word gedoop omdat hulle die evangelie gehoor het en nou openlik antwoord op God se roepstem.

In albei gevalle is die middelpunt nie die mens nie, maar God. Die doop gaan nie eerste oor ons besluit nie; dit gaan oor God se belofte.

'n Tweede vraag is: Hoeveel water moet gebruik word? Party kerke doop deur onderdompeling, ander deur besprinkeling. Albei maniere word wêreldwyd deur Christene gebruik. Die belangrike saak is nie die hoeveelheid water nie, maar wat die water beteken. Water herinner ons aan reiniging, nuwe lewe en God se genade. Vandag gebruik ons slegs 'n paar druppels water. Tog verkondig daardie paar druppels dieselfde evangelie as 'n groot bad vol water. Die krag lê nie in die hoeveelheid water nie; die krag lê in die belofte van God.

Dan wonder mense: Wat verander ná die doop? As ons eerlik is, sien ons geen fisieke verandering nie. Die baba lyk presies dieselfde. Die volwassene staan op en lyk net soos voorheen. Die doop is nie towerkrag nie. Dit verander nie onmiddellik ons persoonlikheid of maak ons sondeloos nie.

Wat verander, is ons verhouding met God. In die doop bevestig God sy verbond en sy genade. Hy sê: "Jy behoort aan My. Ek laat jou nooit alleen nie." Die verandering lê dus nie in ons voorkoms nie, maar in God se belofte. Ons leef voortaan met die vaste sekerheid dat ons aan Hom behoort.

Maar dan kom die belangrike vraag: Hoe maak ons die teken van die doop deel van ons daaglikse lewe? Want die doop beteken baie meer as 'n mooi seremonie. Die doop is 'n uitnodiging om elke dag as gedoopte mense te leef.

Een van die mooiste maniere om dit te doen, is om Bybelstudie en gebed 'n prioriteit in die huis te maak. Hoe wonderlik sou dit wees as gesinne aan die einde van elke dag vir 'n paar minute stil word. Om saam uit die Bybel te lees. Om saam te bid. Om mekaar daaraan te herinner dat God elke dag met ons is en dat Hy ons nooit alleen laat nie. Só word die doop nie net 'n herinnering aan een

dag in ons lewe nie, maar 'n werklikheid wat elke dag ons huis vul.

Nog 'n belangrike gewoonte is om saam oor die dag te gesels. Waar het ons vandag gevaartekens raakgesien? Waar moes ons moeilike keuses maak? Waar het ons die leiding van die Heilige Gees ervaar? Soms het ons die verkeerde keuse gemaak. Soms het ons die regte voorbeeld gestel. Hierdie gesprekke help ons om te ontdek dat God ook in die gewone dinge van elke dag teenwoordig is. Die doop herinner ons dat ons nie alleen deur die lewe hoef te gaan nie; die Gees lei ons om anders te leef.

Die doop herinner ons ook aan bekering. Elke dag ontdek ons weer ons eie sonde. Ons raak ongeduldig. Ons sê dinge wat ander seermaak. Ons dink eerste aan onsself. Maar die wonder van die doop is dat God ons nie los wanneer ons struikel nie. Hy roep ons elke dag terug na Hom. Daarom leef 'n gedoopte mens in voortdurende bekering. Ons sê elke dag weer: "Here, vergewe my.

Dankie vir u genade. Help my om vandag gehoorsaam te leef."

As ouers dra ons hierin 'n besondere verantwoordelikheid. Kinders leer geloof nie net uit wat ons sê nie, maar uit hoe ons leef. Hulle kyk hoe ons besluite neem. Hulle luister hoe ons met ander praat. Hulle sien hoe ons liefde uitleef, hoe ons vergewe en hoe ons dien. Ons verteenwoordig Christus in ons huise. Daarom is die grootste geskenk wat ons aan ons kinders kan gee, nie net goeie opvoeding of finansiële sekuriteit nie, maar 'n lewe waarin hulle kan sien dat Jesus werklik die Here is.

Die doop beteken dus niks as ons dit slegs sien as 'n paar druppels water nie. Maar dit beteken alles wanneer ons verstaan waarna die water wys. Die water wys na Jesus Christus. Dit wys na sy kruis, sy opstanding, sy genade en sy trou. Die doop is 'n teken wat baie woorde spreek sonder om een enkele woord te sê. Elke keer wanneer ons 'n doop beleef, hoor ons God weer sê: "Ek is jou God.

Jy behoort aan My. Ek sal jou nooit begewe of verlaat nie."

Mag hierdie doopdiens daarom nie net 'n vreugdevolle herinnering wees vir die dopelinge en hulle families nie, maar ook vir elkeen van ons. Laat ons weer onthou wie ons is. Ons is gedoopte mense. Mense wat uit God se genade leef. Mense wat elke dag opnuut kies om sy liefde uit te leef, sy wil te gehoorsaam en sy lig in hierdie wêreld te laat skyn. Want die mooiste getuienis van die doop is nie wat vandag by die doopvont gebeur nie, maar wat môre in ons huise, ons werkplekke en ons verhoudings sigbaar word.
Amen.

## FORMULIER VIR DIE DOOP:

Ons versoek almal om nou na vore te kom en hier in die teenwoordigheid van God en die gemeente, eerlik op drie vrae te kom antwoord. Wanneer julle JA antwoord word dit drie geloftes aan God.

Die doop roep ons op om God lief te hê. Dit is belangrik dat gelowiges die betekenis van hulle doop sal uitlewe. Ouers en die gemeente moet daarom hulle kinders leer wat die doop beteken. Ons kinders behoort in die lewe van die gemeenskap van gelowiges te ervaar wat dit beteken om aan God te behoort.

1. Glo julle dat ons en ons kinders ondanks ons sonde deur God in genade aangeneem is?
2. Glo julle dat die evangelie alles bekend maak wat nodig is vir ons verlossing, soos belig in ons belydenis?
3. Belowe julle om julle kind te leer wat die doop beteken en te laat grootword in die geloofsgemeenskap van Christus?

Wat is hierop u antwoord?

Levi Jacobus van Eeden, ons doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Amen.

Christiaan Lourens Gerhardus Kruger, ons doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Amen.

Antonette Engelbrecht, ons doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Amen.

Christiaan Lourens Gerhardus Kruger junior, ons doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Amen.

## DANKGEBED NA DIE DOOP:

Dankie, Here, dat ons as gemeente by hierdie geleentheid daarvan oortuig kan wees dat:

U as Vader ons liefhet;

U Seun ons red;

U Gees in ons harte woon.

Dankie, Here, dat ons opgeneem is in u verbond.

Dankie dat u ons kinders aangeneem het.

Dankie dat ons deel kan wees van 'n geloofsgemeenskap wat aan ons 'n geestelike tuiste bied.

Dankie dat ons u evangelie kan hoor en gemeenskap met U en met mekaar uitleef.

Neem tog ons lof en aanbidding aan.

Here, lei ons om altyd die warmte van u nabyheid te ervaar en altyd tot u eer te lewe.

Inspireer ons om altyd na ander uit te reik.

Vader, gee dat ons die betekenis van ons doop ons eie sal maak.

Jesus, Here, gee dat ons lewe van u verlossende teenwoordigheid sal getuig.

Heilige Gees, vervul ons sodat ander in ons lewe kan sien dat U ons lei en troos.

Ons bid vir die doopouers en die gemeenskap van gelowiges. Gee aan ons die krag en geleenthede om ons voorneme getrou na te kom.

Ons bid dat ons tuis sal wees in die geloofsgemeenskap van Jesus Christus, die Here.

Amen

## SEËN: Gesang 268 x 3